

Komas uit 'n bamboesstok: enkele Freudiaanse perspektiewe

M.L. Crous

Opsomming

Dié artikel ondersoek D.J. Opperman se laaste digbundel, *Komas uit 'n bamboesstok*, met behulp van 'n psigoanalitiese Freudiaans-georiënteerde leesstrategie. Twee spesifieke tekste wat gelees word, is "My Pappa vra lastige vrae" en "My vrou die koop 'n bobbejaan". Hierdie tekste is onder meer geselekteer om twee bepaalde Freudiaanse konsepte te illustreer, naamlik die stadia van infantiele seksualiteit soos beleef deur die herstellende man in die teks, asook die Freudiaanse penisnyd-mite, deels gesien vanuit 'n feministiese invalshoek met teoretiese verwysing na Juliet Mitchell en Karen Horney.

Summary

In this article D.J. Opperman's last volume of poetry, *Komas uit 'n bamboesstok*, is examined by using a Freudian reading strategy. Two texts in particular were examined, viz. "My Pappa vra lastige vrae" and "My vrou die koop 'n bobbejaan". These texts were chosen to illustrate the poetic expression of Freud's stages of infantile sexuality as experienced by the convalescing man in a state of regression and to illustrate the Freudian myth of penis envy, seen from 'n feminist viewpoint. The latter is undertaken with theoretical reference to Juliet Mitchell and Karen Horney.

I

Komas uit 'n bamboesstok kan gelees word as 'n eenheidsbundel waarin daar duidelik intratekstuele gesprekke tussen die verse plaasvind en daar 'n terugspeling van verse op mekaar plaasvind. Kannemeyer (1983: 154) beskryf dié teks dan ook as 'n teks wat die "chronologiese lyn wat die ontwikkeling van die sprekende ek vanaf sy kinderjare tot sy volwasse lewe as digter en sy siekte, aftakeling, herstel en 'hergeboorte'" weergee. Veral die verwysing na *hergeboorte* is vanuit 'n psigoanalitiese invalshoek veelduidend, aangesien dit inderdaad impliseer dat die teks werk met introspeksie, herlewing van infantiele stadia en die herkartering van die psige met behulp van eksterne (en interne) stimuli. Wat ook van belang is tydens hierdie siekteperiode en die daaropvolgende herstelfase, is die herontdekking van die taal en die herbeleving van objekte binne 'n nuwe taalraamwerk. Met dit in gedagte onderneem ek dus om twee tekste uit *Komas uit 'n bamboesstok* te lees, te wete "My vrou die koop 'n bobbejaan" en "My Pappa vra lastige vrae". Ek pretendeer ook geensins om "alles" wat oor dié tekste te sê is, binne die bestek van dié artikel te doen nie. Post-strukturalisties gesien, dien dié lesings slegs as voorlesings (voor-lesings) waarop 'n volgende analis kan verbeter en uitbrei.

Kurzweil & Philips (1983: 20) beweer, in aansluiting by Freud, dat die lees van 'n teks met behulp van psigoanalise kan dien as die weg na die kunstenaar se onderbewuste – "an unconscious to be interpreted". Wat verder van belang

is vir so 'n ondersoek is die kwessie van toetsbare uitsprake: "And, unlike the work in some more scientific disciplines, each new essay, while making a token bow to the seminal figure of Freud and to earlier writings in this field, actually ignores the findings of other analysts and critics. There is no accepted definition of literature, or of the creative mind, or of the way psychic forces mesh with presumably more objective ideas and perceptions about the world" (Kurzweil & Philips, 1983: 2). In aansluiting hierby beweer Wright (1984: 3) dat die sleutelkwessie binne die psigoanalitiese literatuurbeskouing "the role of sexuality in the constitution of the self" is. Die leser-as-analis moet dus 'n speurtog onderneem om te probeer vasstel hoe hierdie seksualiteit gedefinieer word.

Met betrekking tot *Komas uit 'n bamboesstok* moet Freud se aanname dat 'n sterk ondervinding in die hede, elemente uit die verlede aktiveer in gedagte gehou word: "The work itself exhibits elements of the recent occasion as well as of the old memory" (Freud in Kurzweil & Philips, 1983: 27).

Gesien vanuit 'n psigokritiese perspektief, word elke stukkie tekstuele inligting dienooreenkomstig bevraagteken: "Psychoanalysis – like the sensibility of romanticism – is imbued with the suspicion that everything, every tatter of a dream, every scrap of memory, every seemingly arbitrary association of our thinking makes between this and that, may be hitherto unsuspected significance within the economy of the soul" (Heller, 1983: 79). Die "ekonomie van die psige" waarna Heller verwys, skakel pertinent met die twee belangrikste uitgangspunte binne die psigoanalise, naamlik die teks as psige én die psige as teks. Eersgenoemde sluit hoofsaaklik aan by die post-strukturalistiese beskouings van Derrida en Harold Bloom, terwyl laasgenoemde na die strukturalistiese besinnings gegrond op die sienings van onder meer Lacan verwys.

Anders as die klassieke biografistiese psigoanalitiese lesings van byvoorbeeld Marie Bonaparte oor Poe of Frederick Crews se analise van Hawthorne, sal ek in hierdie ondersoek slegs die essensiële biografiese informasie rondom die lees van *Komas* verstrek en dit as 'n uitgangspunt neem. Die gevaar met sulke psigobiografiese lesings word as volg tereg deur Wright verwoord: "It ignores what is commonly regarded as literary in refusing to remain at the level of public symbolization" (1984: 44). Verder is so 'n analise myns insiens uiters reduksionisties en skakel dit met die kwessie van die sogenaamde "onwetenskaplikheid" van 'n psigoanalitiese benadering tot die letterkunde. Alle moontlike aannames wat die leser-as-analis maak, staan in die teken van die groot subjektivisme. Joan Hambidge (1989: 1) skryf in dié verband as volg: "'n Lesersmodel binne 'n psigoanalitiese verwysingsraamwerk is altyd *per se* subjektief gekleur, omdat alle interpretasies van die subjek uitgaan." Sy noem ook tereg dat 'n psigoanalitiese model nie net alleen 'n model is nie, maar ook die leser-as-analis se eie persoonlike model is.

II

J.C. Kannemeyer (1983: 163–164) skryf in verband met tekste in die sesde rol van *Komas uit 'n bamboesstok* onder meer as volg: "Die sesde rol begin met

“Glaukus klim uit die water” waarin die mens na ’n lang siekte uit die water opkom en die aarde met nuwe oë bekyk . . . In die daaropvolgende verse moet hierdie ‘herbore man’ weer die ontwikkeling van kind, adolessent en volwassene deurloop voordat die mirakel – dat hy die ‘verband’ begryp en weer die woord kan vorm – uiteindelik gebeur.” Een so ’n teks uit hierdie rol is “My vrou die koop ’n bobbejaan” (p. 91):

My vrou die koop ’n bobbejaan

1 Sy bou vir hom ’n spesiale bad
2 waarin hy self kan kruip,
3 kan skree en speel en spat
4 en laggend die toilet gebruik.

5 Sy leer hom aan ’n tafel sit,
6 om nie die kos te gryp,
7 maar eers ogies toe en bid,
8 dan mes en vurk gebruik.

9 Sy leer hom aan haar arm stap
10 en aan die blomme snuif en kyk,
11 en ook die mans beleef te groet
12 en nie hul kale ane ruik.

Ek wil vervolgens hierdie teks met behulp van ’n Freudiaanse leesmodel as ’n illustrasie van die sogenaamde stadia van infantiele seksualiteit lees. As in gedagte gehou word, dat die herstellende, herbore man in *Komas* noodwendig ook sy seksualiteit moet herwin, is dit geensins vergesog om te beweer dat die hele seksuele ontwikkeling van die jong kind (herbore man-as-kind) hierin vervat word nie. ’n Ander aspek wat ook in dié teks geïllustreer word, is die kind se fluktuasie tussen die sogenaamde Simboliese en Imaginêre staat. (Ek keer hierna terug.)

Die “bobbejaan” in die teks dien as ’n teken van die herbore man. Dit is ’n besonder verantwoordbare woordkeuse van die skrywende subjek D.J. Opperman, aangesien vanuit ’n algemene geloof kinders van kleinsaf wysgemaak word dat hulle eers bobbejane was wat se sterte by geboorte afgekap is. Intratekstueel skakel dit natuurlik ook met “Boggom en Voertsek” (p. 67).

Die “spesiale bad” wat die vrou vir die man bou, kan hier verklaar word as teken van die baarmoeder. Dié baarmoeder is “spesiaal” omdat die kind nie werklik terugkeer tot fetusstaat nie, maar bloot psigologies terugkeer na dié regressiewe kindertoestand. Dit is opvallend dat die subjek eers “kruip” (r. 2) en vervolgens “skree en speel en spat” (r. 3), almal handelinge wat met ’n klein kindjie geassosieer word. Die “skree en speel en spat” skakel ook met die Kristevaanse siening van speel: “Kristeva believes that something like play begins before the self comes into being. Nature asserts itself in the infant’s body, before any self has made its appearance, as unorganized pressures of desire, constituting what she calls a *chora*, a receptacle of as yet

undirected experience, a space prior to the infant's entry into a sign-system. These currents of experience have their own rhythms and patterns, but do not yet have any consistent relation to need" (Wright, 1984: 98). Die "skree" van die subjek binne hierdie baarmoeder wat die vrou vir hom skep, skakel met Kristeva se sogenaamde semiotiese staat. Die kind is tydens hierdie staat besig om 'n natuurlike taal van sy eie te gebruik en is nog nie gekontamineer deur die taal van die mangesentreerde wêreld buite die baarmoeder nie (Kristeva, 1980: 281–6).

Die gereguleerde bestaan van die nie-semiotiese subjek buite die baarmoeder onderhewig aan die reëls en regulasies van die Vader, word duidelik geïllustreer in die tweede strofe. Die kind se onbeheerde "skree en speel en spat" word nou stopgesit en hy moet *leer* om: (a) "aan 'n tafel te sit", (b) "nie die kos te gryp" en (c) "ogies toe en bid". Laasgenoemde word gedoen in die taal van die Vader, die taal van die patriargie, met God as die Oervader en stigter van 'n androsentriese perspektief op sake binne die patriargale sisteem. Die subjek word dus geleer om die wet van die Vader te aanvaar en hom los te maak van die moeder-gesentreerde semiotiese staat. Dit is opvallend dat in dié geval die vrou as agent van die androsentrisme optree, deur die subjek te wys oor hoe hy moet optree binne die patriargie. 'n Duidelike illustrasie van sy aanvaarding van dié toedrag van sake is die elfde reël: "en ook die mans beleef te groet". Hy moet hom losmaak van sy moeder en haar vrougesentreerde invloed en die manlike gemeenskap aanvaar.

Wat die Freudiaanse stadia van infantiele seksualiteit betref, is die belangrikste vier stadia, die orale stadium, die anale stadium, die falliese stadium en die genitale stadium. Storr (1989: 20) skryf in dié verband as volg: "During the first year of life, the infant's capacity for physical gratification is centred upon the mouth; this is the oral stage. From around 1 to 3 years old, the anal region takes over. This is followed by the phallic stage, in which the penis or clitoris becomes the focus of libidinal investment and masturbatory activity, although the child remains incapable of genital fulfilment with another person. The final genital stage, in which the individual becomes capable of fully satisfying sexual relations with the opposite sex, is not reached until after puberty; and, even in the most maturely developed characters, traces of earlier stages of libidinal development can always be detected. In Freud's original account of the infant's sexual development the emphasis is on *auto-eroticism*; that is upon changes taking place in the infant's own body, rather than in its relationships."

In aansluiting hierby het Freud beweer dat die kind tydens sy ontwikkeling daardie instinktiewe drifte wat as libidineus beskou kan word, kanaliseer: "At each stage the infant has to give up a part of its bodily satisfaction: the breast, the faeces – its first product – and the unconditional possession of a penis. Its selfhood will depend on its assumption of a sexual identity, not merely anatomically determined, but physically constructed" (Wright, 1984: 13).

Opperman se teks dien dus as 'n illustrasie van hierdie Freudiaans-gemunte sienings. Die orale staat word gesignifiseer deur die "skree", asook die eetaksie wat die kind moet onderneem. Dit kan ook die falliese staat signifiseer, aangesien die kind in die bad sit en sy seksualiteit beskou en plesier

daaruit verkry. Die anale stadium word gesignifiseer deur die “toilet” wat hy leer gebruik, asook die “kale ane”. Die uiteinde van dié stadia is die vorming van ’n seksuele identiteit, wat in die teks geïllustreer word deur die slotstrofe. Die subjek word volgens konvensie geleer om ’n paar met sy vrou te vorm en haar arm te neem tydens ’n wandeling. Die vrou leer die subjek verder oor die estetiese in die natuur. Maar die vrou leer ook vir die man seksuele repressie aan. Freud het dit pertinent gestel dat die persoonlikheid biseksueel is en daar ’n dualiteit in elke subjek aanwesig is. In Opperman se teks neig die manlike subjek om homoseksuele begeertes te hê, deurdat hy aan mans se “kaal ane” ruik. Die vrou dwing hom egter om hiervan af te sien, aangesien dit nie net vanuit die mangesentreerde patriargie onaanvaarbaar is nie, maar ook omdat dit teen haar seksualiteit en haarself as seksuele objek diskrimineer. Sy voed hierdie man-kind dus op om ’n heteroseksuele seksuele identiteit te hê. Vanuit ’n homoseksuele perspektief dien die anus as ’n substituuat vir die vroulike vagina en dien anale erotisme dikwels as ’n ekspressie van homoseksualiteit (Freud, 1979: 355–6). Die herbore man word dus in hierdie teks weer eens kind; hy keer terug na sy infantiele staat en word deur die regulerende aksies van die vrou gedwing om sekere keuses te maak. Hy word geleer om die imaginêre semiotiese staat te verruil vir die simboliese mangesentreerde staat. Voorts moet hy die biseksuele natuur onderdruk om aan die aanvaarbare norme van ’n homofobiese samelewing te voldoen.

III

’n Ander teks in *Komas uit ’n bamboesstok* wat ek met behulp van ’n psigokritiese leesmodel wil ondersoek, is “My Pappa vra lastige vrae” (p. 98). Ek gaan die teks lees as ’n illustrasie van die sogenaamde Freudiaanse penisnyd-mite.

1 My Pappa is ’n geel papaja
 2 wat in geel pajamas woon,
 3 hy klim – sy neus ’n rooi papawer –
 4 in ’n japon vol drake van die troon.

5 My Pappa se brein is geel van gal,
 6 daarom brom hy met ’n helm om,
 7 en kyk na ons, na my veral,
 8 en vra van waar die kinders kom.

9 Ek lê mooi uit van by en blom,
 10 van stuifmeel en wat stoute bye doen,
 11 Hy skud sy kop en sê verstom:
 12 “O, nè? Jy die by en ek pampoen!”

Volgens Kannemeyer (1983: 164) word in hierdie teks onder meer gekonsentreer op die herstelde man-as-kind se bewuswording van die seksuele met die daarmeegepaardgaande “verwonderde vrae”. Binne die outobiografiese kode

van die bundel is dit geensins verkeerd om te beweer dat die sprekende subjek in dié teks een van die outobiografiese ek se dogters is nie. Onmiddellik word die leser dus gekonfronteer deur 'n vrougesentreerde perspektief, maar ook geskryf deur 'n mangesentreerde skrywende subjek. Die inestueuse relasie tussen die vader en dogter word gemotiveer deur reël 7: “en kyk na ons, veral na my”. Ek konsentreer dus in hierdie ondersoek na die inestueuse relasie tussen die vader en kind, asook die perspektief op penisnyd.

Penisnyd sluit aan by Freud se poging om 'n vroulike weergawe van sy mangesentreerde Oedipuskompleks te vestig. As die jong dogter uitvind dat sy nie oor 'n penis beskik nie en haarself as 'n onvolkome mens beskou, word sy ontevrede met haar moeder en verbreek sy die sterk moeder-dogter-binding. Die uiteinde hiervan is dat sy haarself tot haar vader wend as liefdesobjek. In sy *Three essays on the theory of sexuality* (deel 22 van sy *Versamelde werke*, bl. 112–135) verken Freud indringend die kwessie van vroulike seksualiteit en kom hy onder meer tot die slotsom dat die vrou tot en met puberteit haarself as 'n klein mansmensie sien! As die dogter haarself keer tot die vader as liefdesobjek is sy nie net vyandig teenoor die moeder nie, maar verplaas sy ook die wens om 'n penis te hê met die begeerte om vir haar eie pa 'n kind te baar (Wright, 1984: 15). Die enigste manier hoe die dogter in haarself haar inferioriteit oorkom, is soos Storr beweer, om te besef dat ander mans “potential impregnators” is, wat aan haar 'n kind kan gee (1989: 24).

Juliet Mitchell (1974: xvi) wys in die inleiding tot haar bekende studie, *Psychoanalysis and feminism*, daarop dat penisnyd nie net geskakel moet word met die verlies aan 'n anatomiese orgaan by die jong dogter nie: “Thus in penis-envy we are talking not only about an anatomical organ, but about the ideas of it that people hold and live by within the general culture, the order of human society.” Aangesien die jong dogter in 'n seksistiese samelewing grootword, skakel Karen Horney in haar bespreking van penisnyd (“On the Genesis of the Castration complex”) dié Freudiaans-gemunte siening van vroulike seksualiteit met manlike narcissisme. Vroue voel bloot onseker oor hulself en beskou hul liggame as minderwaardig as gevolg van manlike chauvinisme. Sy vervolg voorts dat die jong dogter ontevrede is met haar bio-sosiale lot en beskou gevolglik haar vader as 'n maghebbende liefdesobjek: “The little girl identifies with him instead and regresses to her pregenital phase when realistic penis-envy was dominant. Her feelings about him (and all subsequent men) will retain simultaneously a remnant of love, a vehement wish for revenge and disappointment at having been turned down and a good deal of guilt on account of her incestuous desires” (Mitchell, 1974: 126).

In Opperman se teks is die herstellende man afhanklik van die dogter en is sy brein volgens dié kind “geel van gal”. Hy is dus uitgelewer aan haar en moet noodgedwonge sy magsposisie as vader en patriargale heerser in die gesin prysgee. Die belangrikste motivering in dié teks vir 'n soeke na Freudiaanse leescodes, is die woord *troon* in reël 4. Ek haal die HAT se verklaring van “troon” hier aan:

- (a) Setel van 'n vors
- (b) Setel van enige regeerder
- (c) Figuurlik: Vorstelike heerskappy
- (d) Skertsend: Kamerpot.

“Troon” signifieer dus beide magsetel én toilet, wat inderdaad inpas by my aanvanklike aanname om penisnyd in dié teks te illustreer. Die vader wat soos ’n Oosterse taikoen met ’n japon vol drake van die troon afklim, is dus hier besig om sy magsposisie aan die dogter prys te gee. In sy siektetoestand kan hy dus nie sy patriargale rol as huishoof volstaan nie. Klim hy egter van die toilet af, is die rooi neus hier ’n teken van die fallus. Dit is verantwoordbaar binne die bundelkonteks, aangesien die herstellende man gelyk het as gevolg van ’n ontsteekte geslgsdeel. Vergelyk byvoorbeeld “Ovidius praat met rooi-aas op Franskraal” (p. 106):

nou bêre in ’n beursie: jóú rooi klip,
 ’n vuur
 wat geen water kan afkoel
 en jy die ewige pomp, pomp
 van oseane
 deur toegevratte oë voel.

Die dogter sien dus die vader se verlies aan fallogosentriese mag en dit aktiveer ’n inestueuse magspel tussen haar en haar vader. Sy skakel dus, soos Mitchell beweer, die fallus met mag en besef dat sy nou die mag kan oorneem by die vader, aangesien sy geslgsdeel ontsteek is. Die siek man is nou uitgelewer aan haar en dit is in haar hande om hom seksvoorligting te gee. Die bewuswording van die seksuele aantrekkingskrag van sy dogter laat die vader onmiddellik haar as ’n seksobjek interpreteer: sy kan kinders baar en gevolglik “toets” hy haar om te kyk of sy seksueel in staat is (r. 8).

In die derde strofe is die vroulike subjek volkome in beheer van die situasie en lig sy die vader in oor seks. “By en blom” is hier die tradisionele tekens vir die penis en die vagina en is dus dieselfde tipe taalgebruik as byvoorbeeld “troon” vir toilet. Dit kan egter ook die subtile vervreemdingspel van die vroulike subjek signifieer: sy praat in ’n geheime, nie openhartige taal oor seksuele verkeer. Haar spel met die vader maak ook van hom *haar* kind, want uit haar simplistiese taalgebruik (byvoorbeeld “stoute bye”) lei die leser af dat sy met hom kommunikeer asof hy ’n jong kind is. Is dit vergesog om haar “stoute” as ’n Freudiaanse parapraxis te lees? Sy besef sy is besig met ’n stoute seksuele speletjie met haar vader-as-minnaar.

Die vader se slotwoorde (“O, nè? Jy die by en ek pampoen!”) illustreer die magsoorwinning van die vroulike subjek. Sy is nou, volgens haar vader, die by, met ander woorde, sy is nou die draer van die fallus. Waar sy aanvanklik bloot kon loer na die vader se ontsteekte geslgsdeel, is sy nou besitter daarvan en word die vader sodoende volkome van sy mag ontnem. “Pampoen” dui nie net daarop dat hy as ’n domoor sy magsposisie moes prysgee nie, maar dit kan ook as ’n vroulike teken geïnterpreteer word. Die seksuele rolle word nou omgekeer en die maglose vader verteenwoordig die vroulike beginsel binne dié klein seksuele spel.

Laasgenoemde opmerking is veelduidend binne die intertekstuele konteks van *Komas uit ’n bamboesstok*; aangesien daar dikwels ’n wisseling van seksuele identiteite in tekste voorkom. Een so ’n geval is byvoorbeeld “Aanraaklied” (p. 81) waarin die man ook ontnem is van sy fallokratiese rol

binne die patriargie en hy uitgelewer is aan die vrou, om hom as “pop-singende/traansuster van de goede hoop” te help herstel. Opvallend dat die vrou in haar aandeel aan sy herstel dikwels ook ’n tipe Christus-figuur word, wat hierdie seksuele identiteitsverwisseling radikaal laat verander; Christus is immers tradisioneel ’n manlike figuur. Dit kan ook gelees word as ’n indirekte beskrywing van Freud se siening van die persoonlikheid as biseksueel.

IV

Uit hierdie bespreking blyk dit dus dat Opperman se bundel *Komas uit 'n bamboesstok* insiggewend met ’n psigoanalitiese perspektief gelees kan word. ’n Seminale poging in dié verband is sekerlik Joan Hambidge se lesing van “Kaapse skeepswerf” in *Psigoanalise en lees* (1989: 134–138), waarin sy onder meer aandui dat *Komas uit 'n bamboesstok* “werk met bekende onbewustelike beelde” wat Opperman na sy terugkeer uit “die dode” opgeteken het. Daar bestaan dus binne dié konteks nog genoegsame ruimte om die res van dié grootse Oppermanteks met behulp van psigoanalise te ontsluit. Daar bestaan byvoorbeeld ruimte om die taalspel in die teks met behulp van Lacan te lees, wat inderdaad kan bydra as “the path to the artist’s unconscious” (Freud).

Verwysings

- Freud, Sigmund. 1979. *Case Histories II*. (Volume 9 van The Pelican Freud Library). Harmondsworth: Penguin.
- Hambidge, Joan. 1989. *Psigoanalise en lees*. Pietersburg: J & J.
- Heller, Erich. 1983. Observations on psychoanalysis and modern literature. In: Kurzweil, E. & Philips, W. 1983. *Literature and psychoanalysis*. New York: Columbia University Press.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II*. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Kristeva, Julia. 1980. *Desire in language*. New York: Columbia University Press.
- Kurzweil, Edith & Philips, William. 1983. *Literature and psychoanalysis*. New York: Columbia University Press.
- Mitchell, Juliet. 1974. *Psychoanalysis and feminism*. Harmondsworth: Penguin.
- Opperman, D.J. 1979. *Komas uit 'n bamboesstok*. Kaapstad: Academica.
- Storr, Anthony. 1989. *Freud*. Oxford: Oxford University Press.
- Wright, Elizabeth. 1984. *Psychoanalytic criticism*. London: Methuen.